

Saterdag 17 Oktober

Skrifgedeelte: Sefanja 2:11-15

Fokusgedeelte: Sefanja 2:11 (1933/53-vertaling)

God vernietig alle afgode sodat ons voor Hom alleen sal buig

In Sefanja 1 lees ons van God se oordeel teen Juda. Sefanja 2:4-7 beskryf God se oordeel teen die volke oos van Juda en vers 8-10 die oordeel teen die volke wes van Juda. Nou lees ons in vers 12 die oordeel teen die volk suid van Juda (die Kussiete se gebied was moontlik waar Soedan of Etiopië nou is), en in vers 13-15 lees ons van die vernietiging van Assirië en sy hoofstad noord van Juda.

Die gemeenskaplike doel vir God se oordeel teen al hierdie volke vind ons in vers 11: om hulle te suiwer van alle vorme van afgodediens sodat almal God alleen sal aanbid.

Saam met die Heidelbergse Kategismus antwoord 95 bely ons dat afgodery beteken om enigiets in die plek van God óf naas (saam met) God te hê waarop jy jou vertroue stel. Hoe maklik is ons nie skuldig hieraan nie! Ons wil graag sê dat ons op God alleen vertrou, maar is ons vertroue in God só volkome dat ons in niks anders óók ons vertroue plaas nie? Byvoorbeeld: Hoe maklik sal ons 'n opoffering maak (offers bring) vir mense of middele vir eie voordeel of genot, selfs al beteken dit dat ek dalk ongehoorsaam is aan God se opdragte? Dan is dit mos vir my belangriker as God; dan plaas ek my vertroue daarin in die plek van of naas God; dan is ek besig met afgodery!

Filippense 2:6-11 beskryf die geweldige offer wat Jesus Christus gebring het om die duwel se kop te vermorsel en so al die gode van die aarde te laat wegkwyn, sodat almal God alleen sal aanbid. (vgl. Jes. 45:23). Mag God deur sy Gees ons wys wanneer ons ons vertroue in iets anders naas Hom stel en ons dring om van afgodediens weg te vlug (1 Kor. 10:14).

Sing: Psalm 71-1:1

Ds. J Dunn (Johan) (Mariental-Keetmanshoop)